INLIGTINGSBOEKIE

VIR 2025

OPGEDATEER: OKTOBER 2024

ONS VISIE:

- Om die Naskool@Baillies met Christelike waardes en beginsels, as 'n volhoubare en effektiewe Naskooldiens aan hierdie skoolgemeenskap te bedryf.
- Slegs ingeskrewe leerders van Laerskool Baillie Park mag die voordeel geniet.
- Om 'n veilige, kindervriendelike en leerstimulerende omgewing te skep.
- Die Naskoolsentrum sal as die ondersteunende huiswerkvennoot vir ouers en onderwysers funksioneer. Ons visie is om leerders te lei om onafhanklik en doelgerig hul huiswerk en leerwerk daagliks te kan afhandel.
- Om elke situasie waar leiding nodig is te benut, sodat ons ons leerders kan bemagtig om geliefd te wees en goeie gedrag te openbaar.
- Om geleentheid te bied waar leerders hulle ook vir toetse en eksamens kan voorberei.
- Dit is ook ons visie om tydens die Maart-, Junie- en Septembervakansies verder aan ons eie ingeskrewe leerders verskillende pret- en opvoedkundige aktiwiteite aan te bied - steeds binne 'n veilige, kindervriendelike omgewing.

ONS MISSIE:

- Om met die hulp van slegs opgeleide onderwysers en onderwysstudente binne die roetine van 'n goed deurdagte dagprogram en klasreëls, ons kinders vanaf Gr. 1 tot Gr. 7 progressief met huiswerk en studieleiding te ondersteun.[1] Ons leerders moet gelei word om met selfdissipline self die verantwoordelikheid vir huiswerk te aanvaar.
- Om daagliks register van ons leerders te hou; asook d.m.v. 'n in- en uittekenstelsel leerders se teenwoordigheid te kontroleer.
- Om as opvoedkundiges ook buite die klaskamer aan ons leerders die regte waardes te help uitleef deur die regte voorbeeld te stel.
- Om leerders se goeie positiewe gedrag d.m.v. 'n merietestelsel te beloon en hulle sodoende te motiveer om daarna te streef om daagliks positiewe en goeie gedrag te openbaar.
- Tydens die vakansieprogramme sal ons poog om ons leerders aan gesonde, en 'n verskeidenheid van opbouende, verrykende en prettige aktiwiteite bloot te stel.

[1] Naskool@Baillies bied nie Remediërende klasse aan nie. Intervensie word by die skool aangebied asook, Tina Cowley Lees en Wiskunde Sentrum wat gekontak kan word vir ekstra klasse onder andere. Ons verduidelik met graagte huiswerk wat hul nie verstaan nie, maar kan nie individuele aandag aan slegs een leerder skenk met bv. 'n leerprobleem nie.

RIGLYNE ten opsigte van:

A. Naskoolfooie

B. Toelating

C. Gedragskode

D. Selfone

E. Dagprogram

F. Betaalde Vakansie Program

A. NASKOOLFOOIE:

- NASKOOLFOOIE is **maandeliks betaalbaar voor die 7de van elke maand**, tensy u net ‘n eenmalige jaarlikse betaling gedoen het.
- Om by ons naskoolsentrum ingeskakel te wees, is nie verpligtend nie. Dus kan leerders wie se naskoolfooie nie op datum gehou word nie, sy / haar plek verbeur wanneer u soveel as 2 maande agterstallig is. U leerder kan eers weer terugkom sodra fooie op datum betaal is.
- Naskoolfooie is bespreek onder aanhangsel NASKOOLFOOIE. Dit word jaarliks verhoog volgens die besluit van die Beheerliggaamsvergadering.
- Toevallige Nasorg, in geval waar ouers ‘n krisis het en hul kind is nie in die naskool ingeskryf nie of net bywoon vir die dag, is deel van die diens wat ons aan die skolegemeenskap lewer. Toevallige Nasorgfooie van **R100** is dadelik betaalbaar, kontant of EFT. Die bewys van betaling moet aan die hoof van die sentrum gegee word.
- Die nodige vorm vir Toevallige Naskoolbywoning met inligting rakende ouers en kontaknommers; asook vrywaring, moet ingevul wees.
- Toevallige leerders val in by ons dagprogram en tree op volgens die gedragskode van ons naskool.

NASKOOLFOOIE 2025

Naskoolfooi per jaar per leerder:
R7 425 per jaar | R675 per maand

*in 11 paaiemente betaalbaar vanaf Januarie tot November

Geen registrasiefooie word gehef nie.
Geen korting word toegestaan vir addisionele leerders per gesin nie.

Inskrywings vir 2025 is beskikbaar by die kantoor, aanlyn of per e-pos by naskool@bailliepark.co.za / admin@bailliepark.co.za.
Let wel: Alle leerders moet jaarliks herinskryf vir naskool.

DAGSKOLIERE SE KOSTE IS R100 PER DAG

BANKBESONDERHEDE:	Laerskool Baillie Park
	Eerste Nasionale Bank taknr. 240 438
	Tjekrekening nr. 62121176764
	VERWYSING: FAMILIEKODE + NS

Maak seker u gebruik die FAMILIEKODE en NIE die leerder se inskrywings/toelatings nommer NIE!!

LET WEL:

BETALING VAN SKOOLGELD KRY VOORKEUR BO BETALING VAN NASKOOLSENTRUM.

Die Beheerliggaam het ‘n debietordersisteem in werking gebring by Laerskool Baillie Park en dit as voorkeur betaalmetode vereis. Dus versoek ons om ‘n vorm te kom afhaal of vra per e-pos om u vorm te voltooi.

B. TOELATING:

Om tot **NASKOOL@BAILLIES** toegelaat te word, verwag ons van ouers of voogde van die leerder dat:

- die leerder ‘n ingeskrewe leerder van Laerskool Baillie Park is
- die leerder en ouers /voogde die Naskool se riglyne sal deurlees en onderteken
- ouers / voogde en ons leerders daarvolgens sal saamwerk ten einde die naskool as ‘n volhoubare en effektiewe instelling te help funksioneer.

As ouer / voog onderneem ek om:

- voor die 7de van elke maand die vasgestelde naskoolfooi te betaal ten einde te verseker dat my kind/ers hulle plekke in die Sentrum behou.
- indien ek ‘n sluitkassie huur, die vasgestelde fooi saam met Naskoolfooi te betaal, anders gaan my kind die voorreg daarvan verbeur.
- indien ek my kind/ers vir die vakansieprogram inskryf, die vakansiefooie voor die sperdatum te betaal en ten volle opbetaald te wees.
- my kind/ers elke middag betyds voor 17:15 by die naskool te gaan haal. **Indien u laat is, te weet dat daar boetes gehef sal word**.
- om SELF my kind/ers uit te teken.
- om gemagtigde persone ook te vra om SELF uit te teken en nie iemand anders daarvoor te stuur nie. ***Kinders mag ook nie self uitteken nie!*** Indien boetie/sussie in die hoërskool soms gaan kom uitteken, om sy/haar naam ook op die gemagtigde persone lys te voeg.
- om seker te maak dat persone wat gemagtig is om my kind/ers by die naskool te gaan haal, se besonderhede aan die personeel verskaf is.
- indien u kind nie naskool bywoon nie, laat weet asseblief op die graadgroep.
- om nie van personeel te verwag om medikasie aan leerders te gee nie, en slegs indien dit nie anders kan nie, en dit met die betrokke naskooljuffrou persoonlik gereël is, ‘n houer met my

kind se naam daarop aan haar / sy naskoolonderwyser te gee en dit toe te sluit sodra dit klaar gebruik is; (ADHD en soortgelyke medikasie, is wel ons plig).

- **om my kind se eiendom duidelik te merk en aan te moedig om self daarvoor verantwoordelikheid te aanvaar; dus nie van personeel verwag om verantwoordelikheid vir leerders se eiendom te neem nie.**
- om elke middag net 'n ekstra broodjie of ander **gesonde** versnaperings in te pak. Asseblief nie net lekkergoed en sjokolade nie. Die personeel kan nie verantwoordelik wees vir die leerders vir 'n kospakkie nie.
- om die beproefde dagprogram van die naskool te aanvaar en te ondersteun.
- om my kind/ers aan te moedig om by die gedragskode van die naskool te hou en dit saam met hulle deur te gaan sodat almal weet wat van elke party verwag word.
- Ek verstaan ook dat my kind a.g.v. swak gedrag sy/haar plek in ons naskool tydelik of in ernstige oortredings permanent kan verbeur.
- Te verstaan dat huiswerk in uitsonderlike gevalle nie voltooi sal wees nie. Byvoorbeeld wanneer u kind heelmiddag buitemuurs oefen en dit gebeur dat slegs 'n halfuur oor is voor lokale gesluit word en dan die oorblywende huis- of leerwerk in sulke gevalle by die huis moet voltooi word.

C. GEDRAGSKODE

Ons lê klem op leerders se positiewe en gehoorsame gedrag deur dit te beloon. Leerders penaliseer hulself met negatiewe, ongehoorsame of onaanvaarbare gedrag. Alle korrespondensie m.b.t. leerders se gedrag word geliasseer.

As leerder by die Naskoolsentrum, onderneem ek om:

- altyd met respek teenoor almal by die sentrum op te tree.
- altyd die waarheid te praat.
- elke dag direk na skool eerste na my naskoolklas toe te gaan sodat die personeel my teenwoordig kan merk.
- uit te teken wanneer ek na skoolaktiwiteite toe moet gaan en weer terug te teken wanneer ek by die Naskool terug is (Die personeel help die kleiner kinders hiermee)

- toilet toe te gaan voordat die huiswerkperiode begin.
- nooit in die badkamers te speel en te mors nie.
- slegs een kind in ‘n “toilet’ toeglaat word.
- te help om ons naskool se eiendom mooi op te pas, sodat dit nie wegraak of breek nie.
- te sorg dat ek elke dag alles het wat ek benodig om my huiswerk te kan doen.
- altyd op die aangewese terrein van die naskoolsentrum te speel.
- verantwoordelikheid vir my besittings te aanvaar.
- ander se besittings te respekteer en uit te los. **Steel is ‘n oortreding wat skorsing regverdig.**
- so met my maats te speel, te praat en teenoor hulle op te tree dat dit nooit vir hulle nodig sal wees om oor my te kla nie.
- **nooit enige boeliegedrag te openbaar nie.**
- **enige fisiese boeliegedrag, bakleiery of geweld sal lei tot skorsing van die leerder.**
- geen kind wat geskors is sal weer toegelaat word, sonder ‘n vergadering met die Beheerliggaam nie.
- nooit te vloek-of vuiltaal te gebruik nie.
- so teenoor alle volwassenes by die naskool op te tree dat dit myself en my ouers tot eer sal strek.
- ek verantwoordelik sal wees om my boeke in te pak vir die volgende dag se toets/eksamen. Ons sal dan u skakel om dit te bring.

Verder verstaan ek dat:

- die Naskoolhoof/ander personeel enige tyd die naskool se selfoon sal gebruik om my ouers te skakel in geval van krisis of reëlings wat getref, of verander moet word. Dus hoef ek nie ‘n selfoon by die naskool te hê nie.
- ek geen onvanpaste boeke, prente of tydskrifte by my sal hou of aan ander kinders sal wys nie.
- ek altyd sal help om ons klasse en terrein netjies en skoon te hou.
- ek tydens opruimtyd ook sal help met opruimwerk.

Gedurende die huiswerkperiodes, onderneem ek om so op te tree dat almal in 'n rustige atmosfeer kan werk.

D. KLEREDRAG

- Meisies se toppies moet van so aard wees dat die bolyfie toe is.
- Rompies moet oor *ski-pants* gedra word.
- Geen *crop*-toppies word toegelaat nie.

E. DAGPROGRAM

Grondslagfase leerders moet sodra die skool verdaag direk na hul naskoolklas gaan. Naskoolleerders meld dadelik by die Naskool se registerklas aan sodat personeel hom/haar teenwoordig kan merk. In hierdie tydjie, trek leerders eie klere aan, gaan badkamer en toilet toe en speel op aangewese terrein. Die begin van die huiswerkperiodes Gr. 1 - 7 is 14:00.

Die res van die skool verdaag om 13:40. Leerders moet onmiddellik na hul naskoolregisterklas gaan vir die neem van die registers. Personeel moet seker maak watter leerders nie teenwoordig is nie. Kontrole hier is uiters noodsaaklik.

DAGPROGRAM *(Basies en kan wissel)*		
Vandat die skool verdaag tot 14:00	Leerders gaan na naskoolklas vir die register, eet, besoek badkamer om te verklee ens. en kry alles gereed vir die huiswerkperiode. Grondslagfase gaan na die Naskool se personeel toe.	
14:00 - 14:45	Eerste huiswerkperiode	Gr. 1 - 7
14:45 - 15:00	Verversings en buitespel	Gr. 1 - 7
15:00 - 15:45	Tweede geleentheid vir huiswerk, veral vir leerders met baie buitemuurse aktiwiteite Leesverryking, Studieleiding. Voorbereiding vir toetse of eksamen.	Gr. 1, 2, 3 en ander wie se huiswerk nie afgehandel is nie. Gr. 4, 5, 6, 7
15:45 - 16:00	Buitespel onder toesig	Gr.1 - 7

16:00 – 16:30	Derde geleentheid vir huiswerk.	Gr. 1 - 7 Vir leerders wat nog huiswerk moet afhandel en vir die wat eers buitemuurse aktiwiteite bygewoon het.
16:30 – 16:45	Buitespel onder toesig	Gr.1 - 7
16:45 - 17:00	Opruimtyd in klasse en op die terrein	
17:00 - 17:15	Vertrektyd	

F. VAKANSIEPROGRAM

- Hierdie word gesien as 'n uitbreiding van die naskool, dus geld die gedragskode en die in- en uittekenstelsel steeds.
- Die koste van die vakansieprogram word bepaal deur die tipe aktiwiteite en wat aangebied word, asook die aantal leerders wat inskryf. Dit kan dus elke vakansie wissel.
- Die vakansiefooi is vooruitbetaalbaar. Leerders wie se naskoolfooie nie opbetaal is nie, kan nie inskryf vir die vakansieprogram nie.
- Ouers moet by die sperdatum vir die inskrywings vir die vakansieprogram hou. Voorbereidings en aankope moet betyds gedoen word.
- Omdat ons 'n diens aan ons eie skoolgemeenskap wil lewer, laat ons toevallige vakansiesorg toe met die verstandhouding:
  - dat die toepaslike vorm en vrywaring deur ouers / voogde voltooi word.
  - dat R100 per dag dadelik in kontant betaalbaar is. Ouers moet 'n kwitansie daarvoor kry.
  - dat die leerder by die naskool se gedragskode en reëls inskakel.
  - Leerders met swak gedrag sal nie weer toegelaat word om die vakansieskool by te woon nie.

- ***LET WEL:*** **Desembervakansies word geen vakansieprogram aangebied nie.**

H. TOEGANGSBEHEER

- Ouers word versoek dat slegs die hekke by Paveystraat gebruik word (by die asbesklas) om leerders af te haal.

I. SLUITKASSIES ("LOCKERS")

- Daar is slegs 100 sluitkassies vir Graad 2 tot 7 leerders beskikbaar.
- Elke sluitkassie word teen R250 per jaar (Januarie tot November) aan leerders verhuur. Sluitkassies sal slegs uitgereik word indien die volle bedrag betaal is. **Geen sluitkassie sal toegeken word aan 'n leerder sonder 'n aansoekvorm en betaling nie.**
- Elke leerder moet sy/haar eie slot en sleutel voorsien en moet volle verantwoordelikheid vir sy/haar slot, sleutel en sluitkassie aanvaar.
- Geen ekstra sleutels word by die naskool of by die kantoor gestoor nie.
- Nuwe sluitkassies word jaarliks toegeken aan leerders.
- Sluitkassies moet ontruim wees jaarliks sodra die eksamen begin in die vierde kwartaal om enige herstelwerk en diepskoonmaak te kan doen.

Skakel dus enige tyd die naskool se nommer: 066 360 9861

Groete

Juf. Antoinette Klingenberg

Naskoolhoof